

2 November

Psalm 32; (Teks: Spreuke 28:13)

### ***Skuldbelydenis bring bevryding***

Mense probeer verkeerde dinge op allerlei maniere wegsteek. Dit geld van onreg wat 'n mens teenoor jou naaste pleeg én sonde wat teen God gedoen word. Dit geld van openbare skandes én geheime boesemsondes waarvan net jy en God weet.

'n Mens kan jou sonde bedek deur te *ontken* dat jy dit gedoen het. Jy kan dit probeer goedpraat. Om skuld *op ander af te skuif* is nog 'n taktiek en dis so oud soos die mensdom self (Gen. 3:12, 13). En dan is daar die oeroud manier om onreg te *ignoreer* in die hoop dat dit vanself sal weggaan.

Die probleem is egter dat die kwaad jou bly agtervolg as jy daaroor stilbly. Dit bly 'n skeidsmuur tussen jou en die persoon wat te na gekom is - of die persoon God is of jou naaste. Daar is vir die persoon wat sy oortredinge die heelyd probeer toesmeer geen innerlike rus nie. God se Hand druk swaar op so iemand.

Die goeie nuus is dat die Here 'n alternatief gee. As jy jou sonde bely en laat staan, sal jy genade vind voor die mense én (die belangrikste) voor God, wat gereed staan om jou ter wille van sy Seun se soenverdienste te vergewe.

Al wat gevra word, is: Kom uit daarmee. Erken dit. Noem die verkeerdheid by die naam.

Sê in alle opregtheid dat jy jammer is - só jammer dat jy dit nie weer sal doen nie. Bely én laat staan. Dis wat die verskil maak.

Sing: Psalm 32:3, 6

Ds. P.P. Krüger (Brackenhof)